Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

20 September 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar: **Marcel Floor 0828285811**
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad: www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Aileen Gouws – 082 333 1333
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404
Koster: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK C***
Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid (diakonie rekening)**
Kollekte by DEURE: Teologiese Skool Biblioteek **(kerkkas rekening)**

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.) *EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES*
Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238
Verw: Kollekte Barmhartigheid

Woordbediening

Hand. 18:19-21, 24-26, 19:1-10, 20:17-21, 25-32.
Kernverse: Hand. 19:10

TEMA
In 'n episentrum-gemeente is daar geloof, gawes, groei en getuienis!

Inleiding:

1. Wat is die episentrum van 'n aardbewing?
2. Die jong gemeente in Efese was so 'n episentrum, nie van 'n aardbewing nie, maar van die evangelie! (Hand. 19:10)
3. Die eienskappe van 'n episentrum-gemeente wat ons in hierdie gedeelte sien: **Geloof, gawes, groei, en getuienis (4 g's).**

A. Geloof

1. Die gelowige egpaar, Priscilla en Akwila, kom vestig hulle in Efese. (Hand. 18:18, 26)
2. Die groepie van ongeveer 12 dissipels, wat met die doop van Johannes gedoop is, word ware gelowiges. (Hand. 19:1-7)
3. Na die insident van die sewe seuns van Skeva, kom nog baie meer in Efese tot geloof. (Hand. 19:17-18)
4. Paulus beklem met groot erns die belangrikheid van geloof. (Hand. 20:21)

B. Gawes

1. Die gawes van Priscilla en Akwila. (Hand. 18:2-3, 26, Rom. 16:3-5, 1 Kor. 16:9).
2. Die gawes van Apollos. (Hand. 18:24-25)
3. Die ongeveer 12 dissipels wat met die doop van Johannes gedoop is, ontvang die gawes van ongewone klanke en profesie. (Hand. 19:6)
4. Paulus het die gawes van leierskap, leierskapvermenigvuldiging, preek, genesing, uitdrywing van bose geeste, ens. (2 Tim. 2:2, Hand. 19:11-12)
5. Die ouderlinge het die gawes om leiding te neem en te bestuur en die kudde te versorg en op te pas. (Hand. 20:17, 28-29)
6. Almal ontvang gawes op verskillende maniere vir hulle funksie in die gemeente. (Ef. 4:16)
7. Ook ons wat die Gees het, het ten minste een gawe vir ons funksie in die gemeente. (1 Kor. 12:7)

C. Groei

1. Paulus redeneer vir 3 maande met die mense in die Joodse sinagoge. (Hand. 19:8).
2. Wanneer die Jode hulle egter verhard, neem Paulus die jong gelowiges afsonderlik na die lesingsaal van Tirannus, waar hy hulle daagliks toerus. (Hand. 19:9)
3. Hoe Paulus die daaglikse toerusting aangepak het om geloofsgroei te bevorder. (Hand. 20:18-21, 25-27, 31)
4. Dissipelskap: Daaglikse leer om te groei in die geloof.

D. Getuienis

1. Efese was die hoofstad van die Romeinse provinsie Asië.
2. Die gemeente in Efese, wat klein begin het met maar 'n paar gelowiges... het binne twee of drie jaar so 'n skudding veroorsaak, dat al die inwoners van die hele provinsie Asië die Woord van die Here gehoor het! (Hand. 19:10)
3. Hoe is dit moontlik dat een gemeente so 'n groot impak kan maak? God doen dit deur sy Woord en Gees, maar Hy gebruik ook hierdie gemeente as sy instrumente!
4. Getuienis is nie net die werk van die leiers nie, maar elke gelowige moet 'n getuie en dissipelmaker word. (Hand. 8:4, Matt. 28:19-20)

KINDERKERK

En vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree

Vergewe ons asseblief wanneer ons stout is. En help ons onthou dat ons ander ook moet vergewe. Wanneer iemand lelik is met ons en dan sê hulle jammer, help ons onthou om hulle nog 'n kans te gee.
Wanneer ons vergewe soos U vergewe, word ons meer soos U.

Vlamvat!

LIEFDEVOLLE VERHOUDINGE

Daar was die week 'n geseënde Liefdevolle Verhoudings vergadering. Die Vuurhoutjies vergader weer 23 September.

Die span is besig om 'n Aksieplan saam te stel gebaseer op inligting wat uit die gemeente ingesamel is, onderhoude met ander gemeentes, riglyne van Fanning the Flame en natuurlik die Woord.

Die Vuurhoutjies sien baie uit dat ons as gemeente die aksieplan begin implementeer.

Kom ons nader in die tyd wat ons nog wag vir 'n goedgekeurde aksieplan tot God in gebed dat ons gesindheid kan verander in lyn met 'n hart vol liefde!

Romeine 5:5b – want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Omdat God Sy liefde in jou hart uitgestort het, is jy in staat om God lief te hê en jou naaste lief te hê soos jouself.

1 Sameul 10:9 – En net toe hy sy skouer draai om van Samuel af weg te gaan, het God sy gesindheid verander, en al hierdie tekens het op dié dag uitgekom.

VERLIGTING VAN BEPERKINGE

Ons het met dankbaarheid kennis geneem van Vlak 1 regulasies wat vanaf Maandag 21 September geld. Die verslapping bring ook mee dat daar in groter getalle saamgekom kan word en die gemeente sal gerdurende die week ingelig word oor die vereistes waaraan voldoen sal moet word.